# NÓG ’N STUK VAN DIE **LOMBARDY-SUKSESSTORIE** IS IN PLEK








**Die bou van ’n suksesvolle landgoed is amper soos om al die stukke van ’n baie uitdagende legkaart bymekaar te sit. Daar is nie noodwendig ’n resep nie, maar wanneer al die stukke ’n eenheid vorm, begin die persoonlikheid van die landgoed skielik deurskyn en meer eensgesinde mense aantrek.**

By Lombardy Estate and Health Spa is die visie van die ontwikkelaars in werking gestel – en daarmee saam is iets geskep wat groter is as die totaal van sy gedeeltes. Die algehele gevoel is een van vreedsame ruimte. ’n Plattelandse skuilplek in die stad. ’n Natuurlike toevlugsoord vir die gemeenskap wat familie, kwaliteit en verskeidenheid op prys stel.

Die eerste stukke van die legkaart het bymekaargekom toe internasionale ontwikkelaar, die *Kharafi Group* - ’n Kuwait-gebaseerde beleggingsgroep in privaatbesit, met ’n wêreldwye repertoire van projekte, bates en belange – besluit het om 100 hektaar oorspronklike platteland aan te koop, slegs 15 minute vanaf Pretoria-middestad.

Met hul tande geslyp vir die landgoedmark deur die bekendstelling van die bekroonde Oubaai Resort and Spa in die hartjie van die Tuinroete, staar hul nuwe projek groot verwagtinge in die gesig.

Met tyd het die groter stukke van die legkaart inmekaargeskuif om die grondslag van Lombardy Estate and Health Spa te vorm – die voorkoms en gevoel, die verskeidenheid, die sekuriteit en die argitektuur.

Die voorkoms en gevoel moes baie natuurlik wees. Baie inheems – met baie bome, blomme, struike en bosse – uiteindelik ongeveer 7 hektaar gevestigde tuine en parke, tesame met 15 hektaar vleigebiede en omgewingsgange, asook 1,5 hektaar mere en vloeiende waterweë – en die basis vir ’n skouspelagtige plattelandse leefstyl was gevorm.

Die produkaanbod het ’n verskeidenheid gebied, want nie almal het dieselfde behoeftes nie. Dus in plaas daarvan om slegs duplekse te bied, het die ontwikkelaar ’n verskeidenheid kwaliteitsprodukte ingevoeg. Met *Lake Lombardy*-boetiekhuise van tot 364 vk m, *Lombardy Fountains*-meenthuise van tot 285 vk m, en die losstaande *Lombardy-erwe* van tot 1 950 vk m – die reeks sluit iets in vir almal.

Nóg ’n kritiese stuk van die legkaart het deur die unieke argitektuur ingepas. Weer was die ontwikkelaars op soek na iets buitengewoon – iets wat nog nie in Pretoria te sien was nie. Wat hulle gevind het, was meesterargitek Frank Lloyd Wright se prêriestyl - ’n styl wat ontwerp is vir die buitelewe. Reghoekig, ruim en oop – die groot stoepe en omvangryke interieur maak die buitekant deel van die alledaagse lewe. Dít is hervertolk deur goedgekeurde argitekte *Stefan Antoni Olmesdahl Truen Architects*, en *QTS Architects*. Die resultaat het lof ontvang en is vroeër vanjaar op *Top Billing* vertoon.

Die laaste van die groot stukke is die ultramoderne sekuriteitstelsel, wat insluit geslotekringtelevisie-kameras, toegangsbeheer, ’n verborge grenslyn-indringing-opsporingstelsel en peuterbestande rekbare maasheining (ook gebruik om staatsbates soos die 2010-sokkerwêreldbeker-stadia, Gautrein-stasies, poorte, ens te beskerm), wat die huiseienaar gemoedsrus gee.

Uiteindelik – die verskeie kersies wat die ontwikkelaars op die koek gesit het – die 5-ster-hotel en konferensiesentrum en die laaste stuk van die legkaart – die nuwe *Soulstice Day Spa Pretoria* wat binnekort sy deure sal open as deel van die Lombardy-aanbod.

As deel van die geagte *Spas of Distinction Collection*, sal die *Soulstice Day Spa Pretoria* net die luuksste dienste en behandelings bied, soos masserings, gesigbehandelings, liggaamsbehandelings, manikure en pedikure – alles met onderskeiding uitgevoer.

Die *Soulstice Spa by Lombardy* beslaan ongeveer 1 200 vk m en sal ’n unieke reeks vernuwingsbehandelings bied, asook ’n “floatation room”, Amethyst Rasul-kamer, suiweringstoomkamers, saunakamers, ’n verhitte spaswembad en selfs ’n sparestaurant.






**Om meer uit te vind oor Lombardy Estate and Health Spa, kontak gerus vir Donovan Lallyett by 082 940 9265, Otto Pagel by 082 774 3755, Christo Steyn by 082 453 4304 of e-pos: info@lombardyestate.co.za**

LOMBARDY
ESTATE & HEALTH SPA

**www.lombardyestate.co.za**

**Meenthuise vanaf R975 000 | Boetiekhuise vanaf R2 850 000 | Erwe vanaf R900 000**
(Pryse korrek met ter perse gaan)

WWW.SBRMIRUS.COM_LB00042_A